Lidwala
Specialist Solutions

**25 Augustus 2014**

Geagte Grondeienaar

**GEÏNTEGREERDE OMGEWINGSEVALUERING: OMGEWINGSIMPAKEVALUERING EN AANSOEK OM AFVALBESTUURSLISENSIE VIR DIE VOORGESTELDE DEURLOPENDE ASVERWYDING BY TUTUKA KRAGSTASIE, MPUMALANGAPROVINSIE**

- DO Verwysingsnommer: 14/12/16/3/3/3/52; NEAS Verwysing: DEA/EIA/0001416/2012

**UITNODIGING NA 'N GRONDEIENAARS' FOKUSGROEPVERGADERING: DINSDAG 2 SEPTEMBER 2014**

Hierdie skrywe dien om u vriendelik uit te nooi om die Fokusgroepvergadering by te woon wat gehou sal word op:

**DATUM:** Dinsdag, 2 September 2014
**TTYD:** 09:00 – 11:00 (Registrasie vanaf 08:30 tot 09:00)
**PLEK:** Die Kliphuis Konferensiekamer, Caledonstraat 31, Standerton (Kaart en aanwysings aangeheg – Aanhangsel A)

Die Fokusgroepvergadering (FGV) is deel van die Omgewingsimpakevaluering (OIE-proses) wat deur Zitholele Consulting onderneem word vir die Geïntegreerde Omgewingsevaluering vir die voorgestelde Asverwyderingsinstallasie met Deurlopende Werking by Kendal Kragstasie.

Die doel van die FGV is om u as 'n aangrensende grondeienaar te voorsien van:

- 'n oorsig van die Impakfaseproses wat gevolg word;
- terugvoer oor die omgewingsbevindinge en versagtingsmaatreëls wat voorgestel in die konsep Omgewingsimpakevalueringsverslag (KOIV) is;
- nog 'n geleentheid om duidelikheid te bekom en enige bykomende kommentaar en/of knelpunte te opper wat nog nie geopper is nie; en
- 'n geleentheid om met die lede van die projekspan te skakel.

Lidwala glo dat hierdie FGV waardevol is om u in staat te stel om ander grondeienaars se menings en vraagstukke in konteks van u eie te hoor om sodoende 'n meer geïntegreerde benadering te bewerkstelling

Ons wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om u daaraan te herinner dat die Konsep Omgewingsimpakverslag (KOIV) steeds beskikbaar is vir u insae en kommentaar. Neem asseblief kennis dat die insae en kommentaar periode met 18 dae verleng word. Die KOIV was beskikbaar gemaak vanaf **Maandag, 21 July 2014** en met die verlengde kommentaar period sal die kommentaar period eindis op **Vrydag, 09 September 2014** (teen sluitingstyd). Elektroniese kopieë (CDs) van die KOIV sal by die Fokusgroepvergadering beskikbaar wees. Die KOIV kan ook van Lidwala se webtuiste (http://www.lidwala.com/eiar-tutuka/) afgelaai word.

Om te verseker dat genoeg sitplekke beskikbaar is, versoek ons u vriendelik om aan te dui of u die FGV sal bywoon deur die aangehegte registrasievorm (Aanhangsel B) in te vul en aan die Publieke Deelnamekantoor deur te stuur (kontakinligting op die registrasievorm wat by hierdie skrywe ingesluit is) voor of op **Vrydag 29 August 2014.**

Ons sien uit daarna om u te ontmoet en na 'n suksesvolle vergadering.



NICOLENE VENTER
Publieke Deelname Konsultant

**Aanhangsel A:** Kaart en Aanwysings na Die Kliphuis
**Aanhangsel B:** Registrasievorm vir die Fokusgroepvergadering